



Historiese bewussyn

Daar word baie geskryf oor oud president Nelson Mandela. Die aura en talle legendes wat rondom hom geweef word, is nie net beperk tot 'n paar onkundige volgelinge nie. Een aanhaling behoort dit te illustreer. *Die Britse TV-aanbieder, David Frost, wat op 'n keer 'n onderhoud met hom gevoer het, het later gesê: "Wat elkeen in Mandela bewonder, is hoe hy soveel jare verkeerdelik opgesluit is sonder om daarna bitter te wees. Wat 'n triomf van die menslike gees! Toe ek hom vra hoe hy dit kon regkry, het hy eenvoudig gesê: 'David, ek sal graag bitter wil wees, maar daar is geen tyd om bitter te wees nie. Daar is werk om te doen.' "* (<http://www.mieliestronk.com/mandela.html>).

Hierdie aanhaling is tipies van die kort geheue-heldeverering wat so eie geword het aan die denke van die 21e eeu.

Met die gemeenskap se ikoon in 'n ernstige mediese toestand ten tye van die skrywe van hierdie Skietlood, is die vraag of die gemeenskap se gebrek aan 'n historiese bewussyn nie gevaarlike onkunde is nie. Kom ons gee Mandela die erkenning wat hom toekom; met sy vrylating het hy reeds wêreldberoemdheid behaal en was sy ikoniese status musieksterhoog. Hy sou 'n oorlog teen die blankes kon aankondig en selfs die onderhandelaars sou dit nie kon keer nie. Hy het gekies om 'n pad van relatiewe vrede te bewandel.

Hy was egter nie onskuldig in die tronk gewees nie. Mandela was vroeg al 'n ANC aktivis en is reeds in 1956 van sameswering en hoogverraad aangekla. Die klag is later teruggetrek en hy het aangegaan met sy aktivisme. Hy was die stigter van die MK (Spies van die nasie). Die RSA se geskiedenis is beletsel met die skrapnel van MK se terreuraanvalle. Tydens die Rivonia verhoor van 1963 tot 1964, is hy skuldig bevind aan hoogverraad en tot lewenslange tronkstraf gevonniss. Indien hy onder hy 'n

ander deel van die wet aangekla was, sou hy selfs die doodstraf kon kry. Hy was verhoor, is skuldig bevind en gevonniss. Hy het 'n politieke gevangene geword wat parool 'n moeilike saak gemaak het. Mandela was nie verkeerdelik in die tronk gewees nie. Helde-verering kan gerus met eerlikheid en die waarheid getemper word.

Dit sou 'n groot vergryp wees om vandag se standarde te gebruik om die verlede te beoordeel. Vandag se vryheidsvegters was gister se terroriste. Gister se bomplanters en saboteurs is vandag se geregsdienaars. Wees eerlik en stel dat hy vplgens sy oortuigings opgetree het, dit het hom in stryd gebring met die wette van daardie era en hy moes toe die gevolge van sy dade dra. Dit is nie nodig om hom nou onskuldig te verklaar nie, gedane sake het geen keer nie. Wat wel gebeur, is dat die onkundiges van vandag, op grond van hulle onkunde, aan die neuse gelei word om veroordelend te wees teenoor die "verskriklike mense" wat Mandela so "te na gekom het". Dit is dieselfde onkundiges (die nasate van die "verskriklike mense") wat dan met skuldgevoelens leef oor hulle eie verlede, 'n verlede wat hulle nie ken nie en nie verstaan nie.

Hierdie onkunde rondom die geskiedenis kom ook uit in lidmate se verstaan van die geskiedenis van die Christelike kerk en hulle eie kerk. Sonder om die kerkgeskiedenis te ken, word daar grootoor geluister na die swymeldenkers wat Konstantyn as die bobaas-komplotter uitmaak wat sekere konsepte en dogmas om politieke redes in die Kerk gevestig het. Kennis van die dogmen-geskiedenis sal enige sodanige bewering tongknoop.

Hoeveel lidmate ken werklik die geskiedenis van die NHKA (byvoorbeeld), wat nog te praat van die geskiedenis van die eerste vyf eeue? Hoedanig sou lidmate se reaksie gewees het op die aanvaarding van 54/69 indien hulle die geskiedenis geken het? Die NHKA het alom bekend gestaan as die Voortrekker kerk. Die rol van kerk en geloof in die Voortrekkers se lewens moet raakgesien word, ook in enige gesprek rondom Geloftedag. So baie predikante en lidmate versaak die geskiedenis (grotendeels op grond van onkunde) en verkies om versoeningsdag te vier op 16 Desember. Hoedanig sal lidmate se reaksies wees indien hulle die praktiese implikasies raaksien van die besluit van die BAKV? Hoedanig sal lidmate se reaksie wees; indien hulle beseft dat so 'n besluit wat die voorvaders tot ketters verklaar wel geneem is? Ja, daar is steeds lidmate wat van die hele situasie niks weet of wil weet nie en maar vredevol aan die neuse gelei word deur predikante met geen gewete nie en min van 'n historiese bewussyn. Hulle verskoning bly dat hulle net 'kerk wil wees'. Kom ons wees eerlik, die NHKA se eie helde-verering sal getemper word; indien onthou word onder wie se leierskap byvoorbeeld die miljoene rand se skuld ontstaan het weens die mislukte sake

bedrywe van die kerk en die noodgedwonge skerp styging in heffings, nie vir liefdadigheid of ten behoeve van lidmate nie, maar om hierdie skuld te delg.

Die verband tussen hierdie skuld en die gemeentes as regs persone moet nie ignoreer word nie. Die AKV wou juis verhoed dat gemeentes weens **sinodale skuld eiendom verloor** en het derhalwe die **gemeentes ware eienaars van hul eiendomme maak**. Nou wil die KommAKV lidmate weer in 'n situasie plaas waar vermeende **sosiale skuld** die eiendomsreg van gemeentes kan bedreig. Een kyk na die hofstukke van die sake wat deur die KommAKV aanhangig gemaak is (wat het geword van hul sogenaamde beginsel "gelowiges gaan nie hof toe nie"?) en dit word duidelik dat die kennis van die geskiedenis op hoë vlak gebrekkig is, of opsetlik misleidend voorgehou word.

Die Skietlood vind 'n gebrek aan kennis by te veel lidmate. Dit is nie altyd moontlik om alles van belangrike sake te weet nie, maar met die beskikbaarheid van kennis, is daar geen verskoning vir volgehoue onkunde nie. Ons kan elke dag iets nuuts (vir ons) leer en op die manier verseker dat ons nie aan ons neuse gelei word nie. Wanneer 'n volstruis sy kop in die sand druk, gaan die gevaar nie weg nie, intendeel....